# klein Profete

## TYDIGE STEMME

Hosea Joël Amos Obadja Jona Miga Nahum Habakuk Sefanja Haggai Sagaria Maleagie

# MIGA

## Hoekom moet ons die boek lees?

Indien jy al ooit gewonder het hoe pas geloof in binne ‘n gemeenskap waar korrupsie en geweld al meer toeneem, dan sal jy met die boodskap van die boek Miga kan identifiseer. Wanneer dit voel of God op ‘n afstand en onbetrokke is, herrinner MIga ons dat God steeds omgee en hoop bied aan diegene wat getrou bly aan Hom. Om die boek te lees help ons onthou dat God steeds aktief is in hierdie wêreld en dat Hy nie sonde sal toelaat om sy doel te keer nie.

## Wie het die boek geskryf en wanneer?

Miga van Moreset (beteken: wie is soos die Here?) se optrede het ongeveer gestrek van 735-700 v.C.

## Aan wie is die boodskap gebring?

Miga se boodskap is hoofsaaklik aan Samaria (hoofstad van Israel) en Jerusalem (hoofstad van Juda) gebring tydens die regerings van konings Jotam, Agas en Hiskia. Die boodskap is egter bedoel om van die hoofstede uit te rimpel tot in die verste plattelandse dele. Dis ‘n boodskap vir almal wat weet wat reg is, maar hulle rug op God draai.

## Hoekom het die profeet die boodskap gebring?

Die boodskap van Miga is om Juda en Israel te waarsku dat God se oordeel oppad is, omdat hulle God en sy wet verwerp het. Die volk van God se dade stem nie ooreen met dit wat hulle bely nie, naamlik dat hulle God se kinders (volk) is. Miga moedig wel die handjie vol getrou kinders van God aan met ‘n boodskap van hoop.

## Wees op die uitkyk vir:

Kyk mooi in die boek Miga na hoe hy God uitbeeld. Hy balanseer God se eienskappe van regverdig en geregtig met Sy eienskap van genade. Miga gebruik ook poësie en met figuurlike taal gee hy aan sy boodskap ‘n intense en emosionele impak.